ATKV-betrekkings

ATKV-hoofkantoor

Hoofbestuurder: bemarking en verkope

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse taal- en kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as hoofbestuurder: bemarking en verkope vir die ATKV-groep by sy hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- ’n Toepaslike tersiêre kwalifikasie in bemarking.
- ’n Minimum van tien jaar ondervinding in ’n senior bemarkingspos, met ervaring van kultuursake en die gasvryheid- of ontspanningsbedryf.
- Sterk verkope-ondervinding.
- Uitstekende leierskapsvaardighede, kommunikasie- en strategiese beplanningsvermoë.
- Ervaring in digitale bemarking en inhoudskepping is ’n sterk aanbeveling.
- Kreatief, strategies en doelgerig.
- Geskrewe en gesproke taalvaardighede in Afrikaans en Engels.
- Eie vervoer en bereidwilligheid om te reis tussen verskillende kultuurprojekte/aktiwiteite en oorde soos benodig.

Vernaamste verantwoordelikhede

- Ontwikkel en implementeer ’n geïntegreerde bemarkingsplan en bemarkingstrategieë vir die ATKV-groep.
- Belyn bemarkingsaktiwiteite met strategie.
- Moniteer en implementeer die ATKV-groep se handelsmerkidentiteit op alle platforms.
- Ontleed markneigings, kompetisie en klantgedrag om geleenthede te identifiseer.
- Bestuur die bemarking- en kreatiewe span.
- Beplan en implementeer veldtogte, promosies en advertensies (druk en digitaal).
- Lei die digitale bemarkingstrategie, insluitend sosiale media, kunsmatige intelligensie, e-pos-veldtogte en webwerf-optimalisering.
- Ontwikkel bemarkingsmateriaal soos brosjures, webinhoud, advertensies en video’s.
- Samewerking met eksterne diensverskaffers, advertensie-agentskappe en die media.
- Moniteer die sukses van veldtogte met behulp van sleutelprestasie-aanwysers (KPI’s).
- Stel begrotings op en bestuur kostes doeltreffend.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV na:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Sluitingsdatum: **13 February 2026** voor 12:00.
Gebruik asseblief **HKBEMARK01** as verwysing.

Indien jy 4 weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.